# Die Relevansie van God se Soewereiniteit en Verbond met betrekking tot die Onderwys

***Dr. B.B. Aucamp &***
***Prof. E.J. van Niekerk***

**Synopsis**

**The relevance of God's sovereighnty and covenant in relation to education**

*In this article the nature of reformational Christian education is explained from the perspective of the sovereignty of God and his covenant. The triune God is sovereign and therefore can lay claim to the whole of human life in relation to all aspects of reality; thus also education. Education also needs to be guided by the covenant between God and man. From this vantage point the view of man and child, values, subject teaching, standards and reformational reflection that should guide Christian-reformational education is considered.*

## 1. Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om die aard van Christelike onderwys toe te lig na aanleiding van die begrippe soewereiniteit en verbond. Dit is in die eie tydsomstandighede weer eens noodsaaklik om opnuut oor die aard van Christelike onderwys na te dink en standpunt in te neem, sodat ook die praktyk van Christelike onderwys opgeskerp kan word. Dit impliseer dat sekere begrippe met betrekking tot die doel van hierdie artikel uitgelig en omskryf word, juis om eerstens enige verwarring te voorkom en tweedens met die nodige fokus na die aard van Christelike onderwys ondersoek in te stel. Dit is voorts nodig om vooraf by daardie standpunte, idees of persepsies stil te staan wat die saak van Christelike onderwys in die verlede geskaad het en wat tans ook negatief daarop inwerk.

Dit is baie duidelik dat daar sedert 1994 'n verskerpte belangstelling in Christelike privaatskole is as gevolg van die veranderinge wat die nuwe

politieke bedeling onder andere op onderwysgebied gebring het. Dit wil voorkom of ouers toenemend die privaatskool beskou as dié instelling wat Christelike onderwys kan verseker. Vanuit 'n ander hoek bekyk, is dit 'n feit dat die persone in beheer van baie privaat- of onafhanklike skole nie huiwer om daarop te wys dat hulle 'n Christelike skool is of 'n Christelik-gefundeerde benadering volg nie. Verder is daar teen die agtergrond van 'n nuut voorgestelde beleid rakende godsdiensonderrig by Christene en veral Christen-onderwysers binne die staatskool die verontrustende vraag hoe 'n Christen in die nuwe omstandighede as Christen onderwys behoort te gee. Dié onrustigheid word deur die volgende vrae verder geïllustreer: Watter ingesteldheid geld met betrekking tot byvoorbeeld sake soos 'n multi-religieuse en multi-kulturele onderwysbenadering, en die bevordering van versoening en nasiebou oor alle grense heen op die basis van die menseregte-ideologie? Is dit moontlik om die nuwe voorgestelde kurrikulum vanuit 'n Christelike/Bybelse uitgangspunt te onderrig? Indien dit wel moontlik is, bied die nuwe onderwyssisteem die vryheid daartoe? Kan die Christen-onderwyser hom/haar op die voorpunt van positiewe Christelike kultuurbou in die onderwys stel, soos dit eintlik behoort te wees, of moet die Christen met huiwering sy/haar weg vind in 'n poging om konfrontasie met die onderwysowerhede te vermy? Waar moet die Christen-onderwyser se lojaliteit lê: by die Christelike ouergemeenskap, as daar nog van so iets in vele skole sprake kan wees, of by die onderwysowerhede wat van hom/haar 'n agent van staatsgedrewe en ideologiese transformasie wil maak? Kortom: is daar nog sprake van 'n Christelike staatskool of Christelike onderwys binne die staatskool? Hoe kan al hierdie sake en nog vele meer op 'n pro-aktiewe wyse deur die individuele Christen-onderwyser en deur daardie skole wat nog hardnekkig vashou aan hul Christelike etos bestuur word? Is daar vanuit die Bybel antwoorde oor al die kwelvrae van die huidige omstandighede waarin die Christen-onderwyser hom/haar bevind? Teen die agtergrond van al hierdie praktykgerigte vrae, bly die kernvraag nog steeds of almal wat die begrip "Christelike onderwys" gebruik, dieselfde inhoud en karaktertrekke daarmee in verband bring. Uit 'n ondersoek na die implikasies van God se soewereiniteit en verbond vir 'n reformatoriese benadering tot die onderwys, behoort nie net die antwoorde op bostaande vrae duidelik te manifesteer nie, maar behoort dit ook duidelik te wees wat elke Christen-gelowige se opdrag in terme van ons verbondskinders se onderwys en opvoeding is.

Sonder om in fyner besonderhede in te gaan, ontbloot die reaksie op die Nasionale beleid oor godsdiensonderrig (*South Africa,* 2003) ironies genoeg die gebrekkige denkpatroon wat daar ten opsigte van Christelike

onderwys bestaan. Die ontsteltenis wat daar in sommige kringe met betrekking tot die voorgestelde beleid bestaan, is grootliks daaraan toe te skryf dat daar in die beleid voorgestel word dat die tradisionele vorm van godsdiensonderrig nie meer in terme van saalbyeenkomste en Bybelonderrigperiodes binne skoolure (met ander woorde binne onderrig- en akademiese tyd) mag plaasvind nie, maar dat hierdie byeenkomste eerder ondersteun moet word deur 'n koöperatiewe (samewerkende of akkommoderende) vorm van aanbidding (*South Africa,* 2003:6, 8). Die voorgenome koöperatiewe model kan met betrekking tot byvoorbeeld saalbyeenkomste die volgende effek hê:

- kinders wat verskillende geloofsoortuigings huldig, kan gedurende 'n saalperiode in verskillende groepe verdeel waartydens die kinders met hulle eie geloof te doen kry;
- geselekteerde leesstukke (Bybel, Koran, ens) vanuit verskillende gelowe kan om die beurt voorgelees word ten einde uitdrukking aan die multi-religieuse aard van 'n skool en die gemeenskap te gee;
- 'n ander gedagte is om gebruik te maak van 'n universele gebed tydens saal- of godsdiensperiodes (*South Africa,* 2003:26; kyk ook Van Niekerk & Aucamp, 2003:71-74).

Die gebrekkige denkpatroon waarna hierbo verwys is, verwys na die persepsie dat Christelike onderwys of 'n mate van Christelike onderwys veilig in plek is indien saalbyeenkomste en elke dag van die week se opening met skriflesing en gebed ongehinderd kan plaasvind, of wanneer daar al om die beurt gestalte gegee word aan die onderskeie godsdienstige oortuigings teen die agtergrond van universaliteit – die idee dat godsdiens universeel is en dat die waardes wat byvoorbeeld daaruit voortspruit algemeen en allesomvattend is en nie slegs die eksklusiewe eiendom van een spesifieke geloof is nie (*South Africa,* 2003:17). In dié verband is dit op hierdie stadium van pas om daarop te wys dat die uiterlike tekens en praktyk van Bybellees en gebed weliswaar 'n belangrike en grondliggende deel van Christelike onderwys uitmaak, maar indien die aanbieding en inhoud van die ander vakke/leerareas in botsing verkeer met die rigtinggewende Bybelse beginsels is Christelike onderwys as 'n allesomvattende onderwysbenadering geen voldonge feit nie.

Om 'n suiwer reformatories-Christelike visie op 'n pro-aktiewe, positiewe, gelowige wyse te handhaaf en met die nodige toewyding en passie te bevorder, is duidelikheid nodig oor die aard daarvan. Soos hierbo na verwys, is daar onder gelowige onderwysmense nie altyd die mate van

duidelikheid oor die aard van reformatories-Christelike onderwys wat 'n mens graag sou wou sien nie. Sommige dink selfs dat dit wat onder die ou CNO-bedeling gegeld het die ideaal van Christelike onderwys beliggaam, terwyl daardie bedeling in die praktyk opvallende en groot gebreke oor hierdie saak getoon het. Hierdie gebrekkige visie van Christelike onderwys onder die voor-1994 era is juis een van die aanleidende oorsake dat daar tans 'n gebrekkige visie oor die ware aard van reformatories-Christelike onderwys bestaan. Dit is ook een van die redes dat, ondanks die hernude belangstelling in Christelike onderwys, die saak nie die vordering toon wat 'n mens graag sou wou sien nie. Daar is ook ander belangrike redes, soos byvoorbeeld die ontkenning by vele sogenaamde Christene, waaronder ook onderwysmense, dat God aanspraak op die Christen se volle lewe en kultuurbou het. By sommige Christene ontbreek doodgewoon die nodige kennis oor die aard van wat nagestreef behoort te word. Die heersende individualistiese liberale ideologie met sy materialistiese onderbou, wat ook Christene se denke infekteer, werk voorts verlammend in op die vermoë om as Christelike ouergemeenskap iets sinvols tot stand te bring. Dan is nog nie eens gekom by 'n gedetailleerde ontleding van die talle struikelblokke wat die onderwysowerhede in die weg van 'n Christelike onderwysbenadering lê met hul sekulêr-humanistiese benadering tot die onderwys nie. Al hierdie sake moet egter hanteer word en dit is 'n goeie idee om as 'n beginpunt duidelikheid oor die aard van Christelike onderwys te verkry. Indien duidelikheid oor die aard van reformatories-Christelike onderwys deur 'n ondersoek na die implikasies van die begrippe soewereiniteit en verbond bevorder kan word, bestaan die moontlikheid dat wanopvattings uit die weg geruim en die verwarring oor die tipe onderwys wat nagestreef moet word, opgeklaar kan word.

## 2. Die funksie van die skool

Voordat oorgegaan word tot die beskrywing van die implikasies van God se soewereiniteit en verbond vir die onderwys, moet eers duidelikheid verkry word oor die funksie van die skool as instelling binne die skeppingsorde.

Die skool vervul 'n baie spesifieke funksie in die samelewing en hierdie funksie is duidelik onderskeibaar van die funksie van ander samelewingsinstellings soos die kerk, staat, vrye organisasies en handelsondernemings. Hierdie funksie het vanuit 'n Christelike perspektief betrekking op die onderrig en leer van die opkomende geslag oor die aspekte van die skeppingsorde in hul verwikkelde samehang. Uit die wyse

waarop hierdie funksie vervul word, behoort die Christelike aard van die onderwys te blyk. In 'n skool gaan dit tog nie spesifiek oor die verkondiging van die Woord nie, of oor die handhawing van reg en orde in die samelewing nie, of oor die maak van wins nie, want dit is die taak van ander samelewingsinstellings. In 'n skool gaan dit oor die effektiewe oopdekking van die skeppingswerklikheid deur onderrig en leer, want dit is die spesifieke terrein en kernfunksie van die skool. 'n Ondersoek na die aard van Christelike onderwys behoort gevolglik op hierdie sentrale funksie van die skool te fokus (kyk Stoker, 1941:234; Aucamp, 1995:221-228).

Die Christelik-reformatoriese opvoedkundige denke in die algemeen (en nie die van 'n spesifieke skool nie) en die verbondsteologie dien as raamwerk of uitgangspunt vir die beredenering van die problematiek waaroor die artikel handel. In hierdie artikel word die onderwys vanuit 'n reformatoriese perspektief benader en daarom word 'n reformatoriese standpunt bedoel waar die begrip Christelik in hierdie artikel gebruik word. Reformatories-Christelike onderwys word in perspektief geplaas vanuit die uitgangspunt dat God Drie-enig soewerein is, en dat Christelike onderwys deur God se verbond gerig word.

## 3. Essensiële vertrekpunte betreffende Christelike onderwys

### *3.1 Die soewereiniteit van God as sentrale uitgangspunt in Christelike onderwys*

In Christelike onderwys word die gesag van die Drie-enige God soos Hy Hom in Sy Woord as Vader, Seun en Heilige Gees openbaar, onvoorwaardelik aanvaar. Die onvoorwaardelike aanvaarding impliseer dat alle aspekte van 'n skool se funksionering met inbegrip van die akademiese strukturering van die onderrigprogram in onderskeie vakke (of leerareas soos dit tans verwoord word) deur hierdie beginsel gerig word. Dié aanvaarding kan ook as 'n geloofsuitspraak beskryf word – geloof in God die Vader, die Seun en die Heilige Gees. God se soewereiniteit wys op sy almag en alomteenwoordigheid, sy heerlikheid, wysheid en regering. Dit alles manifesteer elke dag binne sy skepping en skeppingsorde (Calvyn, 1984:130). Hierdeur wys God dat Hy in beheer is en dat hy van niks en niemand afhanklik is nie (kyk Stoker, 1941:220). Calvyn (1984:130) verwoord die absolute heerlikheid van sy mag en wysheid soos volg: "..., waarheen jy ook al jou oë sou wend, is daar geen deeltjie van die wêreld waarin die flikkering ten minste van enkele vonkies van sy heerlikheid nie waargeneem kan word nie. Inderdaad sou

’n mens hierdie uiters ruim en pragtige kunswerk [skepping – BBA & EJvN] nie in een oogopslag kon aanskou sonder om van alle kante heeltemal deur die grenslose krag van sy glans oorweldig te word nie” (eie onderstreping). Die geskiedenis en die verloop daarvan is ook in sy beheer (Van Niekerk, 1999a:99). Die Christen behoort hom in gehoorsaamheid aan hierdie absolute heerskappy van God en die implikasies daarvan op alle terreine van die lewe te onderwerp, ongeag wat die heersende tydsgees mag wees. Dit is die ware betekenis van die Christelik-gelowige lewe.

Die soewereiniteit van God (en wat dit, soos hierbo beskryf, impliseer) het segswaarde vir die onderwys, juis op grond van die wete dat geen deel van sy skepping, met inbegrip van al die lewensfere/lewensterreine/bestaanstrukture, van sy heerskappy en almag uitgesluit is nie. Anders gestel: om God se soewereiniteit te bely (te erken) beteken om God se almag en alleenheerskappy met betrekking tot die heelal – ook die onderwys – as sentrale fokuspunt/vertrekpunt/oriëntasieraamwerk onvoorwaardelik te aanvaar. Hierdie aanvaarding is ’n essensiële vertrekpunt, veral op grond van die mens se beperkte denke en begripsvermoë met betrekking tot God se heerlikheid, majesteit en suiwerheid. Om Christelike onderwys in al sy geledinge te laat realiseer, moet die mens oor God nadink; sy hoedanighede opweeg en tot die besef kom dat sy geregtigheid, wysheid en krag volkome volmaak is en dat ons beste pogings glad nie teen die suiwerheid van God opgewasse is nie (Calvyn, 1984:114-116). Dit impliseer dat die eer van die Here in die onderrig-leer-situasie (vergelyk die funksie van die skool soos bespreek in paragraaf 2) gesoek sal word as die eerste en vernaamste doel daarvan. Alle ander doelstellings is hiervan afgelei. Die eer van die Here staan gevolglik voorop in die onderwys met al die implikasies daaraan verbonde vir onderrig en leer. Die norme wat uit die Bybel en uit die skeppingswerklikheid na vore kom, word in sodanige onderwysbenadering eerbiedig en toegepas, want dit is die wyse waarop God Hom aan die mens openbaar en die gereedskap wat die Here aan ons gee vir Christelike kultuurbou (Fowler, 1980:47-48; Fowler, 1987:213; Ouweneel, 1997:44, 51). Wie die soewereiniteit van God as sentrale uitgangspunt in geloof aanvaar, aanvaar ook dat onderwys nie mensgesentreerd of tot eer van die mens (mensdom) kan wees nie, maar op die eer van God gerig moet wees en op die uitbreiding van sy koninkryk op alle lewensterreine. Daarom is Christelike onderwys ook Christus-gesentreerde onderwys – die fokuspunt is die verheerliking van God deur herskeppende kultuurarbeid op grond van die verlossingswerk van Christus. Die verbondenheid aan God in sy daaglikse werk vereis van

die Christen-onderwyser ’n gesindheid van onder andere diensbaarheid (dien God en my naaste), opregtheid (met eerlikheid beywer ek my om God eerste te stel en nie te verloën nie) en werksaamheid (met roepingsbewustheid beywer ek my om my Godgegewe opdrag uit te voer). Dit is die implikasie van die soewereiniteit van God vir die totale lewe en vir elke beroep; dus ook vir die onderwysberoep. Die onderwyser staan in die oordrag van kultuur van geslag tot geslag in die voorlinie, aangesien die basiese vaardighede, kennis en gesindhede wat nodig is vir die meeste beroepe in die Christelike ouerhuis en die onderwys oorgedra word. By die jeug moet ’n gesindheid van eerbiedige omgang met die werklikheid tuisgebring word, asook ’n gerigtheid op verdere Christelike beskawingsontwikkeling (Stoker, 1997b:25; kyk ook Aucamp, 2001:238).

In die beoordeling van enige nuwe benadering, verandering of transformasie van die onderwys, ook van die onderwystradisie en onderwysgeskiedenis, asook enige individuele of skoolse onderwyspraktyk, kan begin word by hierdie uitgangspunt van God se soewereiniteit. Die vraag kan eenvoudig op grond van die Skrif gevra word of die saak waaroor dit in die onderwyspraktyk gaan in die eerste plek die verering en verheerliking van die grote God van hemel en aarde ten doel en grondslag het en of God se soewereine beheer en gesag nie aangetas of geminag word nie. Daar is geen tussenin of konformerende standpunt en benadering nie. So kan God se Woord en sy raadsplan nie gelykgestel word aan ander bronne as een van vele waarhede om daardeur kollektivisties ’n addisionele en alternatiewe waarheidsbeskouing te help vorm nie (Aucamp, 2001:239-242). Om God se eer voorop te stel veronderstel dat die Skrif/Woord ondersoek moet word (kennis van God se Woord, die Bybel) om daardeur die riglyne en beginsels vir die lewe in al sy skakeringe te vorm en toe te pas. Dan vermy ’n mens buitendien die slaggat om in die sekulêre teenoormekaarstelling van verskillende afvallige en gebrekkige onderwysbenaderings te verval, soos wat menigmaal gebeur en waartoe ook menige gelowige verlei is met die aankondiging en inwerkingstelling van die nuwe uitkomsgebaseerde onderwysbenadering.

Dit gaan in die Christelike onderwysbenadering daaroor wie in die benadering gedien en vereer word. Wanneer dit gaan oor die reformasie van die onderwys, gaan dit vir die Christen daaroor dat die onderwys meer in ooreenstemming met Bybelse norme ingeklee word, met ander woorde dat die onderwys meer en meer in ooreenstemming met die wil van die God van die Bybel ingerig word. Is dit nie in wese wat die doopbelofte, wat elke verbondsdouer voor die gemeente tydens die doop van hulle

verbondsdkind aflê, impliseer nie, naamlik dat ons ons kinders sal wys (deur onderrig – self en deur ander) op hulle taak as erfgename van die ryk van God en van sy verbond?

### *3.2 Christelike onderwys as die bevestiging van God se verbond met die mens*

In die ARSO-publikasie *Dit is gereformeerde onderwys* (2002:16) word ten opsigte van die verbond die volgende gestel:

> Die kind is in God se genadeverbond opgeneem. By die Heilige doop belowe die ouers om hul kinders te laat onderrig. Gereformeerde, Bybelgebonde onderwysers word deur God geroep om die opvoeding van verbondskinders namens hul ouers in die skool voort te sit. So voed verbondskinders (ouers en onderwysers) weer verbondskinders (leerlinge) op.

In Suid-Afrika het die verbondsteologie in die ontwikkeling van die lewensbeskoulike denke van die Afrikaner ’n vername rol gespeel. Hoewel dit in ’n groot mate deur Afrikaners in die loop van die twintigste eeu losgelaat is, neem dit nie weg dat die verbondsteologie steeds rigtinggewend vanuit die Skrif aan die mens die pad voorhou waarop die voortgaande reformasie van die kultuurlewe, en dus ook die onderwys behoort te geskied nie (Raath, 2002:17-83).

Die volgende uitspraak van Murray (2001:1) bevestig voorafgaande en plaas wat hierop volg verder in perspektief: *”When we use the term ‘covenant theology’, we must not restrict this evaluation to the more fully developed covenant theology of the seventeenth century”.* Hy (Murray, 2001:1) gaan verder en verduidelik dan aan die hand van Johannes Calvyn se “Institusie van die Christelike Godsdiens” die volgende: *“For in John Calvin there is a distinct emphasis upon the historic progressiveness and continuity of redemptive revelation. We need only to be reminded of the Institutes, Book II, Chapters x and xi where he unfolds in detail the similarities and differences of the two Testaments. It is in connection with this discussion that he says: ‘The covenant of all the fathers is so far from differing substantially from ours, that it is the very same. Only the administration varies.... If the subject still appears involved in any obscurity, let us proceed to the very form of the covenant; which will not only satisfy sober minds, but will abundantly prove the ignorance of those who endeavour to oppose it.’”* Murray (2001:1) verleen stukrag aan dié woorde van Calvyn wanneer hy beklemtoon dat “*Nothing could be more pertinent to the perspective which is indispensable to the proper*

*understanding of covenant revelation than the recognition that the central element of the blessing involved in covenant grace is the relationship expressed in the words, 'I will be your God, and ye shall be my people'".*

In die Engelse herdruk (1990) van die Engelse vertaling (1822) van Herman Witsius se *The economy of the covenants between God and man: comprehending a complete body of divinity* word 'n inleiding oor die verbondsteologie deur JI Packer aangetref wat 'n voldoende opsomming van die verbondsteologie vir die doeleindes van hierdie afdeling gee. Dit word nogtans aangevul deur Heinrich Bullinger (1534) se *A brief exposition of the one and eternal testament or covenant of God* soos dit opgeneem is in McCoy & Baker (1991:99-138) se boek *Fountainhead of federalism. Heinrich Bullinger and the covenantal tradition*. In hierdie afdeling word gevolglik sterk en hoofsaaklik op hierdie twee werke gesteun.

Histories is die verbondsteologie 'n gereformeerde ontwikkeling en onder andere Huldreich Zwingli, Heinrich Bullinger, Johannes Calvyn, Zacharias Ursinus, Caspar Olevianus, Robert Rollock, John Preston en John Ball het daaraan gebou (kyk Packer, 1990; Murray, 2001:1).

Die verbondsteologie is 'n voorbeeld van 'n suksesvolle hermeneutiek waardeur 'n konsekwente interpretatiewe prosedure gebied word op grond waarvan 'n konsekwente verstaan van die Skrif moontlik is. Volgens Packer is die volgende verhoudingsrealiteite (en nog meer) verbondsmatig in hul kern: God se beloftes; geloof; die verlossingsplan; Jesus Christus die God-mens, ons profeet, priester en koning; die kerk in beide Ou en Nuwe Testament en sake soos die besnydenis, pasga, doop, die nagmaal, die ingewikkelde Ou Testamentiese godsdiensuitinge en die eenvoud van die Nuwe Testamentiese; die werk van die Heilige Gees in gelowiges; gehoorsaamheid in heiligheid en naasteliefde; gebed en gemeenskap met God (Packer, 1990).

Packer (1990) toon aan dat Bybelse dogma handel oor die verhouding tussen God en mens, terwyl Bybelse etiek die uitdrukking is van God se verbondsverhouding tot ons in die verbondsverhouding tussen ons en andere. Die Christelike godsdiens staan in die teken van 'n verbondslewe waarin God die direkte voorwerp van ons geloof, hoop, liefde, aanbidding en diens is, as uitdrukking van dankbaarheid vir genade.

Die verbondsverhouding kan gedefinieer word as 'n wedersydse verbondenheid van twee partye. Wedersydse verpligtinge word aanvaar en teenoor mekaar aangegaan. Tog, wanneer God met die mens 'n verbond aangaan soos in die geval van Noag, is dit belangrik om daarop te let dat

die essensie van so 'n verbond daarin gesetel is dat God soewerein is en dat die voorwaardes betreffende die verbond uitsluitlik deur Hom bepaal word en dat die mens hierin geen sê het nie (Murray, 2001:5). Murray (2001:5) wys daarop dat dit 'n verbond is *"in which there is no human agency whatsoever"* wat verder die eensydige karakter van die verbond aantoon. In hierdie verbond is God getrou en gee Hy die teken van die reënboog as 'n konstante herinnering van sy getroue beloftes. Al faal die mens om hierdie teken van die reënboog reg te interpreteer en dit bloot as 'n natuurverskynsel te beskou, is God nog steeds getrou en maak die mens se ontrouheid of onverskilligheid nie die betekenis van die reënboog ongedaan nie (Murray, 2001:5). Murray (2001:5-6) som die essensie van die verbond wat God met Noag sluit soos volg op: *"... this covenant is a sovereign, divine administration, that it is such in its conception, determination, disclosure, confirmation, and fulfilment, that it is an administration or dispensation of forbearance and goodness, that it is not conditioned by or dependent upon faith or obedience on the part of men. It is an administration of grace which emanates from the sovereign good pleasure of God and continues without any modification or retraction of its benefits by the immutable promise and faithfulness of God... The appended requirements are simply extensions, applications, expressions of the grace intimated in the covenant".* In hierdie verband kan die verbond tussen God en Abraham soos opgeteken in Genesis 17 as verdere voorbeeld dien (Murray, 2001:2). Die vraag is nou wat die effek of implikasies van God se verbond met die mens is – vir die lewe en dan veral in die lig van hierdie artikel, vir die onderwys en opvoeding van ons kinders.

God se verbondsverpligting dui op sy ewige uitverkiesing van sondaars en sy belofte aan hulle om vir hulle 'n God te wees. Dit is 'n verbondsbelofte wat dwarsdeur albei testamente herhaal word. Dit impliseer gemeenskap met God en God se voorsiening in tydelike en ewige behoeftes. Die God-gegewe verbond bring vir die mens verpligtinge, naamlik 'n lewe van geloof en berou, en die gehoorsaamheid waartoe geloof die mens lei. Getrouheid aan die verbond lei tot die ontvangs van die verbondsvoordele en ontrouheid lei tot verbondsverbreking (Packer, 1990).

Die Evangelie kan nie behoorlik verstaan word indien dit nie vanuit 'n verbondsraamwerk beskou word nie. Volgens die Evangelie is Christus die Middelaar en die Waarborg van die verbond waardeur die sondaar deel kan hê aan die verbondsbeloftes. Geloof is die aangryping van die verbond en die Christelike lewe van diens aan God is ten diepste verbondsgemeenskap tussen die Middelaar en die sondaar. Die kerk is die

verbondsgemeenskap, en die prediking, pastorale sorg en tug, die veelvuldige geleenthede tot aanbidding, die bediening van die doop en nagmaal is almal uitdrukkings, instrumente en tekens van die verbond waardeur gelowiges deel in die verbondseën. Die Bybel is die verbondsboek en die kerkgeskiedenis die verhaal van die verbond in tyd en ruimte (Packer, 1990).

Die Woord van God kan nie buite die verbondsraamwerk behoorlik verstaan word nie. Die verbondsteologie gee ’n totaalinterpretasie van die Skrif waardeur aangedui word hoe die onderskeie dele van die Bybel in relasie tot mekaar staan. Die verhaal wat die ruggraat van die Skrif vorm, het te make met die mens se verbondsverhouding tot God wat eers geruïneer en daarna herstel word. In die oorspronklike verbond, genaamd *Verbond van die Werke*, het God onderneem om die mens die ewige heerlikheid in te laat gaan waarin Hy hom geskape het indien hy by die verbondsvoorwaarde gehou het. Voordat die mens egter die kultuuropdrag behoorlik kon uitvoer, het hy misluk en in sonde geval. Daarna volg die hele geskiedenis waarin God se verbondsraad uiteindelik uitloop op die verlossing en herstel in Christus, wat impliseer dat die mens van die nuwe verbond moet meewerk aan die herstel deur die uitvoering van die kultuurmandaat tot God se eer. Die Skrif moet vanuit die invalshoek verstaan word dat God onderneem om vir die gelowiges ’n God te wees, die Verbondsmiddelaar te voorsien, die verbondsgemeenskap te vergader, en die godsdiensbeoefening op verbondsgrondslag te reël (Packer, 1990).

Ook God kan nie behoorlik verstaan word indien Hy nie vanuit die verbondsraamwerk verstaan word nie. God is die Drie-enige Skepper wat vir Hom ’n verbondsvolk vergader wat Hy in liefde sal verhef tot sy eer. Die verbond van verlossing onderliggend aan die verbond van genade leer ten minste drie sake oor God:

- God Drie-enig is lief vir sondaars;
- Die verlossing deur God se soewereine inisiatief is tot eer van die Vader en Seun;
- Christus is die sentrale figuur van ons geloof deur sy verlossingsdaad.

(Packer 1990).

Die konsekwente verklaring van die Skrif vanuit die perspektief van die verbond wat God op op eie inisiatief en op grond van sy soewereiniteit (kyk paragraaf 3.1) met die mens sluit en deur die hele geskiedenis in stand hou, open betekenisvolle vergesigte vir Christelike onderwys. Dit

verbind die onderwyser in ’n ware verhouding van diens aan God (wat die betekenis van die begrip godsdiens is) deur die amp van onderwyser en opvoeder. Daarom kan Christelike onderwys tereg ook Verbondsonderwys genoem word, want daardeur word die kind met betrekking tot alle aspekte van die werklikheid in ’n verhouding van diens aan God verbind.

Die verbondsgedagte impliseer in die onderwys dat verbondsouer, verbondskind en onderwyser met betrekking tot die opvoeding en onderwys van die kind hul in ’n verbondsrelasie tot die lewende God bevind. Die doop is die uiterlike verbondsteken waardeur ouers verplig word om hul kinders in die Bybelse gereformeerde leer te onderrig en te laat onderrig. Dit impliseer die oordrag van die ware diens aan God (godsdiens) van geslag tot geslag (kyk Floor, 1983:118-121). Hierby is inbegrepe die wyse waarop die kind oor alle aspekte van die werklikheid geleer word om God te dien in sy/haar omgang daarmee. Daar sou in hierdie verband van Verbondsonderwys gepraat kon word, juis vanweë die feit dat die onderwyser as verbondsopvoeder die taak het om die verbondskind in die onderrig-leer-situasie toe te rus met God se wet en beloftes vir alle aspekte van die werklikheid wat Hy deur die Woord aan die mens openbaar (Aucamp, 2001:250). Van der Waal (1985:20-38) sien ’n baie noue verband tussen die begrippe roeping, beroep en verbond en praat selfs van Christene se verbondsmatige kultuurtaak waarby die onderwys inbegrepe is. Vanselfsprekend kan geen afvallige ideologie voorskryf wat die aard van hierdie tipe onderwys moet wees nie, maar is die mens aan die Skrif verbonde in die uitvoering daarvan. Anders gestel: afvallige ideologieë plaas die mens op dwaalweë en kan nie werklik volgens die waarheid rigtinggewend die weg of aard van die tipe onderwys vir die Christen-gelowige kind aanwys of bepaal nie.

Die onderwyser en kind se betrokkenheid in die verbond veronderstel dus ’n unieke verbintenis met die God van die verbond – ’n eenheid wat deur Bybelonderrig bevestig word en wat ’n spesifieke taak of roeping veronderstel (Aucamp, 2001:250). Die waarde van Bybelonderrig ter bevestiging van die betekenis van die ware verbond, is onontbeerlik. God se Woord dui die norm aan waarvolgens die mens sy roeping of taak betreffende al die werklikheidsaspekte afsonderlik, maar ook in hulle onderlinge verband met mekaar, behoort te beskou (kyk Lombard, 1997: 49-50; Aucamp, 2001:251). Wanneer die kind deur die onderwyser by die skepping, verhoudinge en lewensverbande betrek word, verskaf God die toerusting deur die Heilige Gees en sy Woord, en fisies deur sy skepping om sy kinders toe te rus vir hul lewenstaak en roeping tot sy eer (Gerber, 1997:46-47).

Die verbondsteologie bevestig na die oordeel van die navorsers nie alleen dat die ouers onder 'n dure verpligting staan met betrekking tot die opvoeding van hul kinders, soos vervat in die doopformulier van gereformeerde kerke nie, maar ook dat die onderwyseramp op 'n besondere verbondsverhouding tussen God en onderwyser dui. Die vyfde gebod is nes die ander gebooie gewortel in die verbond en het ook besondere segswaarde vir die opvoeding en onderwys. Vaders, moeders en onderwysers word geëer wanneer hulle in die goeie nagevolg (gehoorsaam) word tot eer van die Here, want hulle is in 'n besondere sin God se verteenwoordigers sover dit die opvoeding van die volgende geslag betref. Dit gaan in die opvoeding en onderwys oor die voortgang van die verbond in die geslagte, en hierin speel ouers en onderwysers 'n vername rol. Die besondere taak van die onderwyser, naamlik om onderrig en leer suksesvol te laat plaasvind, impliseer dat dit binne die konteks van God se verordeninge sal geskied.

Dit impliseer dat alle aspekte van die skoollewe so ingerig sal word dat dit 'n Christelike stempel sal dra, en nie net 'n stempel nie, maar 'n duidelike verbintenis om in alles meer en meer soos Christus te wees of meer aan sy beeld (alreeds hier op aarde) gelykvormig te word. Dit is die effek of relevansie van die erkenning en belydenis van God se soewereiniteit en sy verbond met ons. Wanneer die konsepte/werklikhede van mens- en kindbeskouing, waardes, vakonderrig, skeppingsleer, standaard van onderwys en reformerende denke binne die skool praktyk gemaak word, is dit die reaksie (en verantwoordelikheid) van die mens om die skool en die onderwyssisteem wat dit rig aan die hand van hierdie belydenis en erkenning te orden.

## 4 Die relevansie van God se soewereiniteit en verbond met betrekking tot die onderwys

### *4.1 'n Christelike mens- en kindbeskouing*

Teen die agtergrond van die voorafgaande uiteensetting is 'n belangrike implikasie van God se soewereiniteit en verbond dat in die onderwys 'n mens- en kindbeskouing gehandhaaf sal word wat in ooreenstemming is met wat in die Skrif oor God se soewereiniteit en verbond na vore kom. In hierdie verband is dit belangrik om in gedagte te hou dat God volle aanspraak op die mens se hele lewe het en dat sodanige lewe verbondsmatig bepaal word. In reformatoriese onderwys het hierdie aanname belangrike implikasies.

Mensbeskouing handel oor die vraag: Wat is die mens? Indien die Bybel as uitgangspunt geneem word in die beantwoording van hierdie vraag,

kom ’n duidelike antwoord na vore. Die mens kan net geken word vanuit die wortelverhouding van sy bestaan, naamlik in verhouding tot die Skepper wat volgens sy soewereine wil die mens geskape het.

Dit is eerstens belangrik om daarop te let dat die mens oorspronklik goed geskape is volgens die beeld van die Skepper, in staat om die wet van die Skepper volkome na te kom en so sy kultuuropdrag uit te voer volgens die wil van die Skepper. Die mens was in sy oorspronklik goed geskape toestand daartoe in staat om die verbond met die Skepper te hou en uit te voer. Die mens raak egter die verbondsverbreker met die sondeval, en sy natuur raak totaal verdorwe. Dit beteken dat die mens ook nie meer van nature die verordeninge van die Skepper kan onderhou nie. God as Skepper gee egter deur sy soewereine handeling die moontlikheid van verbondsherstel deur die Verbondsmiddelaar wat Hy voorsien om verlossing teweeg te bring en die geskende verhouding te herstel. Daardeur raak verlossing uit die verlore toestand moontlik en kan die mens weer sy kultuurtaak uit dankbaarheid opneem, al is dit net moontlik uit genade en al faal die mens ook telkens weer hierin. Die herstel moet ook in die Christelike onderwys na vore kom uit die wyse waarop die opkomende geslag tot kulturele herstel en opbou opgevoed word.

Kinders van gelowige ouers is verbondskinders aan wie die voordele/genadegawes van die verbond toekom, al sou hulle ook deur die erfsonde besmet wees en deur die vernuwende werk van die Heilige Gees na die pad van Gods gebooie gelei moet word (ARSO, 2002:19).

Volgens ’n Bybelse mensbeskouing is die mens uniek deur God geskep. Elke mens is uniek met bepaalde talente en vermoëns wat deur opvoeding en onderwys ontwikkel moet word. Hierdie gawes moet die mens as God se verteenwoordiger (God se rentmeester, God se beeld, God se ambassadeur) in die skepping aanwend om die skepping te versorg, te ontwikkel en in stand te hou (kyk Aucamp, 2001:242). Om dit te kan doen, beklee God die mens met kwaliteite wat uniek in die skepping is en wat hom van alle ander skepsele onderskei. So deel die mens nie net in die getalsmatige, ruimtelike, kinematiese, fisiese, biotiese en psigiese aspekte waarbinne die dier ook funksioneer nie, maar ook in die volgende aspekte: analitiese denke, kultuur/historiese, taal en simbole, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en geloof. As denkende, willende, handelende, fisiese en psigiese wese besit die mens die vermoë om die wêreld te kan beleef (ervaar) en daarna uit te reik. Wanneer die mens glo, impliseer dit die bewustelike uitreik na sy Skepper. God roep die mens op om Hom te dien en lief te hê met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en met al sy krag (kyk Gerber, 1997:38; Dreckmeyr, 1997:50-51). Geen deel van

die mens se lewe kan daarom van God se heerskappy en almag uitgesluit wees nie. In die totale gerigtheid van die mens op die werklikheid in al die lewensverbande vorm die hart van die mens die religieuse brandpunt van sy wese (kyk Aucamp, 2001:242).

As beelddraer van God bevind die mens hom in die volgende verhoudinge:

- die mens in verhouding tot God;
- die mens in verhouding tot die medemense;
- die mens in sy/haar verhouding tot homself/haarself;
- die mens in verhouding tot die res van die skepping (Gerber 1997:42-44)

Binne skoolverband is hierdie verhoudinge belangrik vir die strukturering van die totale kurrikulum. Eersgenoemde verhouding bepaal byvoorbeeld al die ander verhoudinge waarin die mens staan (Aucamp, 2001:244). Daarom word dit veral in die Bybelonderrigklas aangespreek en uitgebou en vandaar behoort dit rigtinggewend te wees vir al die ander verhoudinge en die werklikheidsaspekte wat in die skoolkurrikulum aangespreek word (kyk paragraaf 4.3). Die mens is tog ’n religieuse wese en vanuit die brandpunt van sy religieuse hart benader die mens die ganse lewe vanuit die ware godsdiens of die afval daarvan (kyk Gerber, 1997:39-41). Daar is net hierdie twee moontlikhede. Die kind moet in die verhoudinge waarin hy/sy tot ouers en onderwysers staan so opgevoed word dat die vyfde gebod as uitgangspunt met betrekking tot die verhoudinge geld. Die skepping word in die verbond aan die mens gegee sodat die mens in sy verhouding daartoe God kan dien. Die mens/kind moet in die omgang met die skepping rentmeesterskap weerspieël in sy/haar hantering van die hulpbronne wat God as Skepper gegee het (ARSO, 2002:20-21).

Bybelgefundeerde onderwys geskied volgens ’n realistiese mensbeeld wat rekening hou met die sondeval en die gevolglike sondige aard van alle mense en dus ook van kinders (ARSO, 2002:20). In Christelike onderwys kan afvallige opvattinge oor die sogenaamde natuurlike goedheid van die mens nie geduld word nie. Al die verhoudinge waarin die mens staan is fundamenteel aangetas deur die mens se sondige aard; daarom moet die mens in die onderrig-leer-situasie doelbewus geleer word van die regte verhoudinge en die regte benadering tot die werklikheid. Binne die Bybelonderrigklas leer die Christenkind dat selfs die gelowiges in hierdie lewe die volmaaktheid nie sal smaak nie, maar wel ’n lewe moet lei waar daar voortdurend gestreef word na volmaaktheid en eensgesindheid deur

Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees (Stoker & Gerber, 1997:161).

Die verwronge beeld van die sondige mens beteken nie dat hy na die sondeval sy talente en kreatiewe vermoëns verloor het nie. Die mens het as gevolg van die goddelike instandhouding van die skepping 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge en van die onderskeid tussen die betaamlike en die onbetaamlike bly behou en vertoon selfs in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug (Dordtse Leerreëls, 1992:571, 575). Die effek van die sondeval is egter dat die mens nou geneig is om sy talente en gawes verkeerd in te span en teen God aan te wend. Hieruit vloei dus voort dat die mens as religieuse wese God in geloofsgehoorsaamheid kan dien, of afvallig en opstandig teenoor God kan staan (Gerber, 1997:39-41; vgl Aucamp, 2001:247). In 'n tyd waarin dit blyk dat die humanisme die oorhand het, is hierdie Bybelse standpunte glad nie gewild nie. Tog is dit realisties en waar, en kan dit nie in Christelike onderwys uit die oog verloor word nie. Dit impliseer onder andere dat die Christenonderwyser en Christenkind in die Skriflig voortdurend ondersoek sal instel na die aard en gehalte van die onderrig en leer wat in die skool onderneem word.

Die kind moet deur die Christelike opvoeding gelei word tot die lewe in die verbond tot eer van die soewereine God in die omgang met die naaste, die beheer van die skepping en die ontwikkeling van die kultuur (ARSO, 2002:22). Sodanige opvoeding en onderwysbenadering weerspieël 'n Bybelse mensbeskouing.

### *4.2 Christelike waardes*

Met die skepping van die mens gee God ook die morele wet in die hart van die mens. Dit beteken dat die mens voor die sondeval van nature sy Skepper en naaste liefgehad het en geweet het hoe om die skepping te bewerk en te bewaak volgens die verordeninge wat die Here daarvoor gegee het. Die sonde het geensins op hierdie stadium die mens se denke en dade benewel nie, en daarom kon kulturele ontwikkeling nie in afvallige bane beland nie. In die hiernamaals sal dit weer so wees, maar dan sonder enige moontlikheid van 'n sondeval. Die sedewet is in die verbond wat God met die mens sluit, gegrond. Al is dit na die sondeval vir die mens onmoontlik om die wet te onderhou en so tot ewewigtige kultuurontwikkeling in staat te wees, voorsien die soewereine God weer die Verbondsmiddelaar wat verbondsherstel teweegbring. Dit impliseer dat die verbondsvolk weer deur die genade alleen tot gehoorsaamheid in beskawingsontwikkeling in staat gestel word. Daarom mag geen

duimbreedte van die mens se omgang met die werklikheid uitgesluit wees van die ware diens aan God (godsdiens) nie. Veral die opvoeding en onderwys van die geslagte moet in gehoorsaamheid aan die verbond geskied, sodat die mens sy kultuurtaak volbring.

Na die sondeval het die mens se kulturele werksaamheid in die teken van 'n stryd om die orde van God en die afvallige ordes gestaan. Deur kritiese reformatoriese denke en kultuurkritiek (transendentaal en immanent) kan vasgestel word dat die moderne samelewingsinstellings nie beheers word deur die sedewet van liefde tot God en die naaste nie, maar deur afvallige waardes wat spruit uit afvallige grondmotiewe/religieë/ideologieë (kyk paragraaf 1).

Die onderwys word deur die omliggende kulturele omgewing beïnvloed deurdat die waardes wat daarin geld in die onderwys neerslag vind en die strukturele vormgewing van die onderwys daardeur bepaal word. Baie van die probleme in die weg van die vervulling van die Koninkryksbeginsels in die onderwys bestaan omdat ons as Christene nie die inwerking van afvallige lewens- en wêreldbeskouings in die onderwys verstaan of doodgewoon nie onderskeidend kan dink betreffende die aard en inhoud van waardes wat aan die mens voorgehou word nie (Fowler, 1990: 38-138). In sodanige omstandighede sou vanuit 'n Christelike perspektief gevra moes word hoe die onderwys volgens Christelike waardes hervorm behoort te word, want daar is reeds daarop gewys dat God se soewereiniteit en verbond impliseer dat die ganse lewe en alle samelewingsterreine volgens Bybelse beginsels hervorm behoort te word. Dit impliseer dat ons sal weet hoe om die onderwys volgens Christelike onderwyswaardes in te klee wat voortspruit uit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Ten einde te fokus op Christelike waardes is dit dus noodsaaklik om te weet wanneer waardes nie op God se eer en die verheerliking van sy naam gerig is nie. Hierdie onderskeidende denkpatroon en leefwyse kom weer later in hierdie artikel ter sprake wanneer gefokus word op die gereformeerde of reformerende denkhouding as besinnende en onderskeidende denkhouding.

Dit is dus onmoontlik om die skool as samelewingsinstelling Christelik in te klee indien ons nie weet hoe die skool deur nie-Christelike waardes beïnvloed word nie. As 'n skool volgens sekulêre onderwyswaardes funksioneer, die skooldag met Skriflesing en gebed geopen word en Bybelonderrig iewers op die skoolrooster verskyn, beteken dit nie dat die skool Christelik is nie. So gesien is daar baie min Christelike skole in die wêreld. Die algemene wanopvatting is steeds dat 'n skool Christelik is indien Skriflesing, gebed en godsdiensonderrig daarin voorkom.

Christelike onderwys behels egter dat die hele werking van die skool in al sy aspekte fundamenteel Christelik ingeklee word. Christelike waardes behoort in die ganse werking van die skool te geld. Dit sluit in skoolbestuur en -organisasie, kurrikulering, buitemuurse bedrywighede, ouerbetrokkenheid, die aanstelling van onderwysers, die onderrig van die onderskeie vakke. By Christelike vakonderrig as wesenstrek van Christelike onderwys word aanstons stilgestaan (kyk paragraaf 4.3).

Die praktykgerigte betekenis van die voorafgaande uiteensetting kan met geskikte voorbeelde verduidelik word. In hierdie verband kan die afvallige prestasie- en wenmotief wat soveel skoolbedrywighede kenmerk, as voorbeeld geneem word. God se soewereiniteit en verbond impliseer dat die kind geleer moet word om die uitoefening van sy kultuurtaak tot eer van die Skepper te onderneem. Woon ’n mens egter sommige erkenningsaande en sportbyeenkomste (bv rugbywedstryde) van skole by, kom ’n mens gou agter dat die waardes wat geld nie-Christelik is. Dit gaan veelal oor die mens en sy prestasies as eerste prioriteit, en nie oor roepingsvervulling in die Koninkryk nie. Wen en prestasie word ’n obsessie wat op wyses beloon word wat dit tot ’n beginsel opsigself verhef. Die boodskap word indirek oorgedra dat wen opsigself goed is, en so word die leerders wat wel hul bes probeer, maar nie buitengewoon presteer nie, skade met betrekking tot hulle opvoeding berokken. Vir God is dit egter aanneemlik dat die mens die gawes en unieke talente tot sy eer ontwikkel en ontgin, al sou dit nie buitengewone prestasie soos deur mense gemeet teweegbring nie. Die mens is geroep om in die Koninkryk te presteer, nie ten koste van die Koninkryk nie. Meerdere prestasie kan steeds erken word, maar dit mag nie deel wees van ’n bestel waarin daar net wenners en verloorders is nie, aangesien die klem daarop moet val dat elk sy/haar beste bydrae moet lewer in die bereiking van die gemeenskaplike Christelike doel van liefdesdiens aan die Skepper in die uitoefening van verantwoordelike rentmeesterskap oor sy skepping.

Dit gebeur vandag baie dat die staat inmeng op die interne werking van die skool deur byvoorbeeld sekere waardes wat die werking van die skool bepaal voor te skryf. In plaas daarvan dat die staat ouergemeenskappe bemagtig om skole rondom ’n bepaalde waardekonteks te vestig en te bedryf, skryf die staat sy keuse van waardes voor. Dit lei tot frustrasie en belemmer die onderrig-leer-funksie van die skool as unieke samelewingsinstelling, juis omdat onderrig en leer ’n lewensbeskoulik gekleurde gebeure is en gevolglik waardebepaald is. In die westerse wêreld het die verstaatliking van die onderwys sedert die negentiende eeu gelei tot die vestiging van sogenaamde religieus “neutrale” stelsels van

openbare onderwys. Neutraliteit op lewensbeskoulike gebied, en ook op die gebied van die waardes wat die onderwys beheers, is natuurlik ’n mite, en in die geval van die westerse onderwys gewoon ’n aanduiding dat die sekulêre humanisme as religieuse grondinstelling die Christendom in die openbare onderwys vervang het. Die idee dat godsdiensonderrig en spesifieke geloofsopvoeding by die huis hoort en dat die skool slegs op *godsdienste*-onderrig – die idee dat die skool slegs feite en inligting van ’n reeks van godsdienste aan kinders moet voorhou en nie op ’n spesifieke geloofsoortuiging en geloofsbou moet fokus nie (vgl South Africa, 2003) – is duidelik ’n ontkenning van God se soewereine wil en van sy verbond. Volgens ’n Christelike opvatting (gebaseer op God se soewereiniteit en sy verbond met die mens) behoort ouergemeenskappe die vryheid te hê om ook binne die openbare skole die onderwys van hul kinders in al die fasette daarvan volgens hul lewenswaardes in te rig. Indien dit nie gebeur nie, word ’n vorm van strukturele diskriminasie deur die staat gepleeg teen diegene wat hierdie vryheid moet ontbeer en word soos, reeds genoem, ook die erkenning van die soewereiniteit van God op die onderwysterrein en die verbondsopvoeding van die volgende geslag aangetas.

### *4.3 Christelike vakonderrig*

Daar is reeds op gewys dat God se soewereiniteit en verbond impliseer dat ook die skoolvakke/leerareas, wat handel oor snitte van God se skeppingswerklikheid, onderworpe is aan die verordeninge soos dit in die Bybel na vore kom. Die Bybel dien as die middel om die onderskeie vakke met mekaar en met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing te integreer (Dreckmeyr, 1997:105-108). In hierdie verband kan ook gepraat word van die integrasie van die onderskeie werklikheidsaspekte, soos hulle in leerareas en vakke georden word, met God se wette vir die onderskeie terreine van die werklikheid. In Bybelonderrig is dit belangrik dat die Bybelwaarhede met die hedendaagse lewe van die opgroeiende kind en sy skoollewe in verband gebring word. Die laasgenoemde sou beteken dat Bybelonderrig bykomend gebruik kan word om ’n Christelike perspektief op die leerareas van die kurrikulum te gee. Elke onderwyser behoort daartoe in staat te wees om sy/haar leerarea Christelik te benader - in staat tot Christelike vakonderrig.

In die bereiking van hierdie doel kan die Bybel nie soos ’n handboek, naslaanbron of ensiklopedie gebruik word nie. God openbaar slegs die beginsel waarvolgens die onderskeie lewensterreine en samelewingsverbande ingerig moet word (Aucamp, 2001:281). Die mens se hele lewe en die werklikheid as sodanig staan hoegenaamd nie los van God se

verordeninge/wet nie, maar alles word daardeur georden. God se wet word aan die mens op ’n geïntegreerde wyse deur die Woord en skepping geopenbaar (Fowler, 1980:48; Lombard, 1997:52-53). Teen dié agtergrond is dit belangrik om te weet dat God se wet as riglyn dien, as maatstaf of as norm wanneer die mens die werklikheid (God se geordende skepping) deurgrond, verklaar en daaraan betekenis wil gee. Die Bybel is ’n gids wat op die Christen se totale lewe lig werp (Fowler, 1990:16-17). Juis daarom kan nie sprake wees van Christelike onderwys en Christelike vakonderrig indien Bybelonderrig nie as vak in die skool aangebied word nie. Die kind moet juis deur ’n grondige ondersoek van die Bybel kennis neem van die waarhede wat God vir die res van die kurrikulum as rigtinggewende beginsels neergelê het (Aucamp, 2001:281).

Deur Bybelonderrig leer die kind van die aard en inhoud van die mens se verhouding tot God Drie-enig en wat die mens se taak en roeping in verhouding tot die dinge, plante, diere en ander mense is. Bybelonderrig kan gevolglik nie tot Bybelgeskiedenis verskraal of tot ’n tipe katkisasieles (alhoewel raakvlakke mag bestaan) afgewater word nie, maar moet so ontwerp word dat dit die vestiging van ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing aanhelp. Aan die hand van die skeppingsverhaal sou die onderwyser by die verbondskind byvoorbeeld die beskouing kon vestig dat God nie net die wêreld geskep en Hom daarna onttrek het nie, asof die mens self outonoom eksperimenteel en evolusionêr verder tot ’n hoër staat kon ontwikkel nie. Die gedagte wat gevestig moet word, is dat God deur sy soewereine wil met die skepping al die materiaal en die wette, asook die nodige gawes, aan die mens gegee het sodat die mens in staat sou wees om sy leefwêreld tot voordeel van sy naaste, homself en tot eer van God in te rig. Ook dat indien God nie steeds alles deur sy verbond onderhou nie, dit in chaos sou verval. Met hierdie tipe agtergrond sou die kind byvoorbeeld die vraag na die ontstaan van die aarde in die Aardrykskundeklas Bybelgefundeerd kon hanteer, of dit sou in samehang met Bybelonderrig verder bespreek kon word. Die waarde van Bybelonderrig lê onder andere daarin dat die nodige kennis en begrip aangaande God se geopenbaarde Woord by die kind ingeskerp word en dat dit as oriëntasieraamwerk vir alle vakke dien (Aucamp, 2001:282-285).

Wanneer die onderwyser struktuur aan die kennisinhoude gee, moet dit aan die hand van God se normatiewe wet onderneem word (Fowler, 1980:48-49; Dreckmeyr, 1997:34-35; Lombard, 1997:53). Die onderwyser leer daarom aan die kind dat die wette en beginsels wat hulle byvoorbeeld in die wiskundeklas leer en formuleer, deel van God (as Wetgewer) se getalsorde binne sy skeppingsorde is (Dreckmeyr, 1997:35;

Ouweneel, 1998:134). Die kind word so tot die besef gebring dat wetenskapsbeoefening en leer op skool 'n strewe veronderstel om God se wetsorde wat Hy vir die geskape werklikheid ingestel het, te ontsluier. Die kind leer so dat geloof in God en 'n besef van sy rasionaliteit/ordening 'n voorvereiste is vir die Christelike verstaan van sy skepping en die natuur se wetmatigheid (Ouweneel, 1998:134).

Bybelgefundeerde onderwys kan dus nie beperk word tot morele norme nie, maar moet ingaan op die norme vir alle aspekte van die werklikheid en dan op 'n deurdringende en beplande wyse wat werklik gestalte gee aan God se totale gesag met betrekking tot die totale lewe. Christelike onderwys mag nie in sedelessies en Biblisisme verval nie en sodoende oppervlakkig en verskraal aangebied word nie. In die ekonomiese, sosiale en historiese aspekte van die werklikheid gaan dit oor die ekonomiese, sosiale en historiese norme van die Woord van God. So ook met al die ander werklikheidsaspekte. Om die normatiewe funksie van God se Woord te beperk tot die morele aspek, is om die groter gedeelte van menslike wete en aktiwiteite van die gesag van God se Woord te onttrek. Dit sou die verbondskind blootstel vir die beïnvloeding deur afgodies religieuse grondmotiewe in die bestudering van hierdie aspekte, want daar waar die Christelike norme nie erken word nie, sal ander norme die plek daarvan vul (Fowler, 1980:49; Le Roux & Henning, 1996:116-117, 120; Aucamp, 2001:253).

Die huidige onderwysklimaat is nie bevorderlik vir Christelike vakonderrig nie en daarom moet daar geen twyfel wees oor die omvang van Christelike onderwys en watter stappe geneem kan word om Christelike onderwys in ere te herstel nie. Benewens die gebruik van die begrippe Christelike onderwys/Bybelgefundeerde onderwys/Verbondsonderwys/Christus-gesentreerde onderwys, moet meer spesifiek ook gekonsentreer word op begrippe en terminologie wat geen twyfel laat oor veral die aard van die onderwys wat vir Christenkinders in die vooruitsig gestel word nie. Die volgende dien as voorbeeld:

- Bybelgefundeerde onderwysersopleiding en heropleiding;
- Die Bybelgefundeerde aanbieding van leerareas/vakke en ander buitemuurse aktiwiteite (Aucamp, 2001:280-300).

Dit is nie moontlik om hier volledig op die aard van Christelike vakonderrig in te gaan nie, maar daar is reeds nuttige en bruikbare werk op die terrein gedoen waarop Christen-onderwysers kan voortbou (vergelyk in dié verband Henning & Van der Walt, 2000).

Vanweë die impak van die evolusieteorie op wetenskapsbeoefening en die onderwys (Stoker, 1997a:102-119) is dit nodig om afsonderlik op die Bybelse skeppingsleer as inherente deel van Christelike onderwys te fokus.

### *4.4 Bybelse skeppingsleer*

Die aanvaarding van die skeppingsleer impliseer vanuit 'n reformatoriese hoek dat God se soewereine heerskappy en verbond erken word, want dit hang ten nouste daarmee saam. God skep nie alleen vanuit sy vrye soewereine wil nie, maar hou ook alles in stand wat Hy geskep het. God plaas die mens in 'n deur Homself gestruktureerde omgewing en reël die verhouding tussen Hom, die mens en natuur verbondsmatig (Witsius).

Bybelgefundeerde onderwys impliseer 'n duidelike geloofsuitspraak en belydenis betreffende die ontstaan van die heelal. Aan die hand van Génesis 1 glo en bely die Christen dat God die hemel, die aarde en alles daarop geskep het. Die Christen glo ook dat God alles uit niks geskape het en dat God alles nog steeds onderhou (Stoker, 2000:90; Aucamp, 2001:264).

Hierdie geloofsuitspraak bepaal die verhouding tussen God en die wêreld en kan soos volg verduidelik word: God hou die wêreld in stand terwyl die mens as rentmeester die skepping met verantwoordelikheid moet benut en versorg. Die mens is in alles van God Drie-enig afhanklik (Stoker, 1997a:102, 112-113; Strauss, DFM 1998:44). Daarom kan die volgende uitgangspunte as belangrike riglyne van Christelike onderwys beskou word:

- ons aanvaar deur die geloof op grond van wat in Génesis staan dat God die Skepper van hemel en aarde is;
- hemel en aarde het 'n begin gehad op 'n tydstip wat deur God bepaal is. Génesis 1 en spesifiek vers 1 is hieroor baie duidelik;
- die hele kosmos (stof, plant, dier en mens) is dinamies bepaald, vanaf die skepping tot die voleinding (Stoker, 2000:87);
- die skeppingsgeskiedenis dui op noukeurigheid en kan nie aan die toeval oorgelaat word nie;
- alle veranderinge is aan die kosmiese wetsorde (skeppingsverordeninge/wette wat vir stof, plant, dier en mens geld en nie deur die mens daargestel is nie) onderworpe (Stoker, 2000:87-88);

- in die mens skep God 'n geestelike lewensbestaan binne die liggaamlike bestaan;
- die geestelike lewe wat God in die mens skep, kan nie uit die fisiologiese funksies van die mens se liggaamlike bestaan afgelei word nie;
- die onsigbare wêreld, dié van waarheid, skoonheid, kennis en insig, is nie vir diere toeganklik nie;
- al is die bou en fisiologiese funksies van die mens baie soos dié van sekere aapsoorte, lê die verskil nie in aspekte soos die grootte van die skedel nie, maar in die mens se sedelike aard;
- God se skeppingswerk vind in stygende orde onafhanklik plaas: vanaf materie na plante na diere en dan na die kroon van die skepping - die mens met sy geestelike dimensie;
- natuurlike ontwikkeling tussen die gebiede van lewelose materie, die lewe en die geestelike bestaan is glad nie moontlik nie;
- die mens aanvaar in geloof en nederigheid God se skepping (Stoker, 1997a:110-112; Aucamp, 2001:265).

Dit sou goed wees indien alle onderwysers daartoe in staat kon wees om die jeug se worstelinge oor hierdie kardinale aangeleenthede verbandhoudend met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing te begryp en hulle daarmee by te staan. Dit is egter van kardinale belang dat onderwysers in vakke soos Biologie en Aardrykskunde en die verbandhoudende leerareas van die nuwe kurrikulum goed onderlê sal wees om goeie leiding oor die Bybelse skeppingsleer te kan gee. Weer eens is dit belangrik om die waarde van Bybelonderrig en die rigting wat dit betreffende die ander vakke moet aandui nie te onderskat nie.

### *4.5 Gehalteonderwys*

Daar is aan die begin gewys op die funksie van die skool as samelewingsinstelling, naamlik die van effektiewe onderrig en leer. Dit is hierdie funksie van die skool waarop ook Christelike onderwys fokus en daarom is al die faktore wat 'n effek op die gehalte van die onderwys het in Christelike onderwys van kardinale belang. Natuurlik kan hier nie breedvoerig daarop ingegaan word nie, maar sake soos die effektiewe bestuur van skole, goeie onderwysleierskap, effektiewe tydsbesteding, sowel as indiensopleiding van onderwysers, en al die ander sake wat die kernfunksie van die skool bevorder, sal in Christelike onderwys vanuit 'n

Christelike hoek die nodige aandag moet kry (Van Niekerk, 1999b:9-10). Die geloofwaardigheid van Christelike onderwys hang daarmee saam dat dit nie 'n minderwaardige tipe onderwys sal wees nie. Die gehalte van Verbondsonderwys en wat dit in wese impliseer moet bo enige verdenking wees, want Christene is nie veronderstel om met 'n slap houding by kultuurbou en beskawingsontwikkeling betrokke te wees nie. Dit geld vir al die rolspelers in die onderrig-leer-situasie, soos ouers, leerders, onderwysers, bestuurders en administrateurs.

Dit beteken natuurlik nie dat prestasie en beheersingsug as 'n doel opsigself nagejaag mag word nie, maar bloot dat elke leerder, begaafdes sowel as minder begaafdes, 'n goeie geleentheid sal kry om hul Godgegewe talente en vermoëns maksimaal uit te bou vir diens in die Koninkryk en tot die eer en verheeliking van die almagtige God. Daarom is daar ook geen rede waarom Christelike onderwys nie toonaangewend in enige gemeenskap sal wees nie. Vanselfsprekend impliseer die fokus op gehalte ook nie dat enigsins ingeboet sal word aan die Christelike perspektief waarmee na die werklikheid gekyk word nie, want die sake wat tot dusver bespreek is, karakteriseer juis Christelike onderwys. Christelike onderwys staan nie in kompetisie teenoor enige ander onderwysbenadering nie, maar positief in diens van die eer van die soewereine God en die bevestiging van die verbondsrelasie tussen God en mens, soos aanvanklik aangetoon is.

Christelike onderwys se gehalte word ook daardeur bevorder dat 'n verskeidenheid metodes in die oopdekking van die werklikheid implementeer word. Kinders leer nie almal op dieselfde wyse en tempo nie. Onderwys word verskraal indien die klem net op teoretiese kennis val, want daar is verskeie maniere waarop met die werklikheid omgegaan kan word waardeur die mens kennis opdoen. Wanneer 'n kind die skool verlaat moet hy/sy genoegsaam toegerus wees om verder te vorder op die weg van 'n Chritelike beheersing van die werklikheid en nie slegs vol gestop wees met teoretiese kennis waarvan hy/sy in werklikheid nie veel verstaan of nut het nie. Onderrig en leer moet sinvol wees in die uitvoering van die kultuurmandaat en daarom moet by die leerders se aanleg en vermoëns aansluiting gevind word. In effektiewe onderwys gaan ons nie net meganies deur die aksies en dink dat almal ongeskonde aan die ander kant sal uitkom nie (Fowler, 1990:75-103).

Ons moet onderrig en leer werklik as sinvolle gebeure verstaan en bevorder alvorens dit effektief kan wees. Leerlinge moet op die vlak waarop hulle verkeer in kennisontsluiting ontmoet word en vandaar na bo gelei word op 'n goed gestruktureerde wyse alvorens van effektiewe

onderrig en leer sprake kan wees. Wat word nie alles hierdeur geïmpliseer nie, en hoe klaaglik misluk die skoolstelsel nie meermale om juis effektiewe onderrig en leer te bevorder nie. Is dit nie tyd dat Christene weer kreatief oor sake verbandhoudend met effektiewe onderrig en leer dink en die rol daarvan binne die verbond beskou nie? In hierdie verband: hoe moet geletterdheid en gesyferdheid onderrig word sodat alle leerders wanneer hulle die primêre skool verlaat, genoegsaam toegerus is om bevredigend in enige leerwerk in die sekondêre skool te vorder. Is dit hoegenaamd verantwoordbaar dat soveel leerders die primêre skool deurgaan sonder dat hulle behoorlik kan lees, skryf en reken? Waarom moet soveel ouers ten duurste buite die skool om vir programme betaal om hulle kinders te help leer lees, skryf en reken en wat verhinder die skool om dit self te doen? Indien hierdie tipe vrae gevra word, kom ons by die probleme uit wat met effektiewe onderrig en leer as kernfunksie van die skool verband hou en waarop deur alle betrokkenes na oplossings gesoek moet word. Die verbondsrelasie tussen God en mens impliseer dat gehalte onderwys gelewer sal word en dat progressief daaraan gebou sal word.

Om hierdie artikel af te sluit, word aandag gegee aan daardie wesenstrek van Christelike onderwys wat vir elke jong Christenkind die weg na ’n ware sinvervulde lewe wil aanwys te midde van ’n vyandige en verwarrende wêreld – die gereformeerde of reformerende denkhouding.

### *4.6 ’n Gereformeerde of reformerende denkhouding*

Die erkenning van God se soewereiniteit en verbond impliseer ’n reformerende denkingesteldheid. ’n Reformerende ingesteldheid kan tereg as wesenstrek van Christelike onderwys getipeer word. Nuwe of veranderde situasies (nuwe handboeke en uitsprake binne hierdie boeke, beleidsuitsprake binne dokumente, eise vanuit die ouergemeenskap, geskrifte met betrekking tot nuwe idees rakende kinderopvoeding en gedrag) waarmee die Christen gekonfronteer word, moet in ooreenstemming met God se geopenbaarde normatiewe wet benader en hanteer word. Dit gaan dus oor ’n konstruktiewe (opbouende) reaksie op invloede of veranderings wat op die mens se leefwêreld inwerk (Fowler, 1980:48-49). Dit impliseer in die geval van Bybelgefundeerde onderwys ’n kritiese en antitetiese denkhouding teenoor wisselende gestaltes van die tydsgees wat die wese van Bybelgefundeerde onderwys aantas en vervals (Calvyn, 1978:40-43; Calvyn, 1984:273; Strauss, 1998:95-96; Aucamp, 2001:268-269).

Om as Christen by die onderwys betrokke te wees, beteken om voortdurend betrokke te wees by die hervorming van die onderwys. Alle teorieë

en praktyke moet te alle tye in die lig van God se Woord ondersoek en reformeer word. Afgodiese invloede op die onderwyspraktyk moet nie net identifiseer word nie, maar daar moet ook ’n Woordgebonde alternatief gebied word (Fowler, 1980:43; Fowler, 1990:7-8). Wanneer Calvyn (1978:43) vervolgens wys op die mens se geneigdheid om die kennis van God te vervals, doen hy dit op grond van sy reformerende denkhouding en wel bewus van die mens se sondige aard:

> As ek sê dat sommige deur dwaling in bygeloof verval, verontskuldig dit hulle nie, want hierdie blindheid is byna altyd verbind met hoogmoedige hardnekkigheid. Die mense ... meet God af met die maatstaf van hulle eie stompsinnigheid en hou hulle besig met nietige bespieëlinge. Hulle gryp God nie aan soos Hy Hom openbaar [as soewereine Verbondsgod – BBA & EJvN] nie, maar in hulle vermetelheid formeer hulle Hom [beperk hulle Hom en stroop hulle Hom van Sy almag – BBA & EJvN] soos hulle Hom vir hulleself voorgestel het. ... Want al hulle onderneminge om God te dien en te gehoorsaam, bestee hulle nie aan Hom nie, maar aan ’n versinsel van hulle eie hart.

’n Kritiese reformerende denkhouding veronderstel duidelik dat die mens alles waarby hy betrokke is (ook die onderwys) in die lig van God se Woord sal ontleed en beoordeel (Aucamp, 2001: 270).

Ook die kind moet in Christelike onderwys ’n antitetiese denkhouding aanleer en tot die besef gebring word dat daar in die samelewing botsende grondmotiewe is waarteenoor Bybelgefundeerd standpunt ingeneem moet word. Die kind moet geleer word om daagliks midde-in die eie tydsomstandighede biddend te vra na God se wil en weg. In sy taakvervulling poog die onderwyser onder andere om die kind as dissipel so te skool dat nie net alle vorme van verabsoluterings, reduksionismes en dualismes herken word nie, maar ook vermy word (Henning, 1997:140; Aucamp, 2001: 273). Fowler (1990: 43) wys soos volg op die teenstellende denkhouding wat deur reformatoriese onderwys ingeskerp moet word: *“Authentic Christian schooling is not marked by a spiritual purity free of distortions. It is marked by a continual turning away from idols in a continual renewal of faith”.*

Die Christelike onderwys met sy tipies reformerende inslag is deel van die opmars van die Christendom in hierdie wêreld waardeur die jeug voorberei word om die eer van God op letterlik alle terreine te soek. Alle magte moet aan die heerskappy van die Here onderwerp word. Dit is nie alleen deel van ’n postmilennialistiese eskatologie nie, maar ook ’n tipies

Skrifgefundeerde, Calvinistiese benadering tot die lewenswerklikheid. ’n Reformatoriese denkhouding moet egter nie verwar word met ’n houding wat bloot wys op negatiwiteit of kritiek ter wille van kritiek nie. ’n Reformerende denkhouding getuig van ’n denkingesteldheid wat wys op die waarheid, juis op grond van die Christengelowige se voortdurende soeke na God se wil soos Hy dit in sy Woord openbaar – ’n alternatief gebaseer op Woordkennis sodat daar nie gesê kan word dat God se volk te gronde gaan weens ’n gebrek aan kennis nie.

## 5. Slotopmerking

Die implikasies van God se soewereiniteit en verbond stel werklik hoë eise en verbondsverantwoordelikhede aan ouers en alle betrokkenes by reformatories-Christelike onderwys. Ons mag egter nie in moedeloosheid verval vanweë ons eie onvermoë nie, want op grond van die Skrif kan betrokkenes by die onderwys seën vir ons kinders in die onderwys bewerk deur in die geloof daadwerklik op te tree. Op grond van God se soewereiniteit en onder die nuwe verbond van die genade is Christus ons Middelaar wanneer dit kom by die uitvoering van ons verbondsverantwoordelikhede en kan ons ook deur Hom met betrekking tot die onderwys tot God se genadetroon nader.

## Bibliografie

AKSIE REFORMATORIESE SKOOLONDERWYS. 2002. *Dit is gereformeerde onderwys. Gereformeerde vakbenaderings*. Pretoria: ARSO.

AUCAMP, B.B. 1995. Opvoeder, opvoedeling en outentieke opvoeding: ’n Histories-opvoedkundige deurskouing en evaluering van die moderne skool as opvoedingsinstelling. MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

AUCAMP, B.B. 2001. ’n Histories-opvoedkundige ondersoek na die invloed van die sinkretisme op die moderne onderwys. DEd-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

CALVYN, J. (Vertaal deur ds A. Duvenage). 1978. *Institusie of Onderwysing in die Christelike godsdiens*. Kaapstad: NG Kerk Boekhandel.

CALVYN, J. (Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson). 1984. *Institusie van die Christelike godsdiens*. *Boek 1.* Potchefstroom: CJBF.

DORDTSE LEERREËLS. 1992. *Psalms en Skrifberymings*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery: 557-589.

DRECKMEYR, T. 1997. *Towards Christ-centred education*. Pretoria: CcE Books.

FLOOR, L. 1983. *Die heilige doop in die Nuwe Testament*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Studies.

FOWLER, S. 1980. *Issues in the philosophy of education*. Potchefstroom: PU for CHE.

FOWLER, S. 1987. *Christian educational distinctives*. Potchefstroom: PU for CHE.

FOWLER, S. (Ed). 1990. *Christian schooling: education for freedom*. Potchefstroom: PU for CHE.

GERBER, J.M. 1997. Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding en onderwys. In: Stoker, P.H. & Gerber, J.M. *Voed hulle op.* Bloemfontein: VCHO. p. 34-47.

HENNING, O.A. 1997. Grondslae vir Christelik-gefundeerde onderwys, met verwysing na die vakdidaktiese terrein van die onderwyspraktyk. In: Stoker, P.H. & Gerber, J.M. *Voed hulle op.* Bloemfontein: VCHO. p. 120-141.

HENNING, O.A. & VAN DER WALT, J.L. (Reds.). 2000. Kurrikulum 2005: Christelik-opvoedkundige perspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (Spesiale Uitgawe). Bloemfontein: VCHO.

LE ROUX, P.J. & HENNING, O.A. 1996. Enkele opvoedingsfilosofiese kanttekeninge oor wils- en gewetensopvoeding, met verwysing na die verband van wil en gewete met etiek. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*. 32(3 & 4): 111-122.

LOMBARD, J.C. 1997. Didaktiese beginsels vir die normontsluitende funksie van Bybelonderrig op skool. In: Stoker, P.H. & Gerber, J.M. *Voed hulle op.* Bloemfontein: VCHO. p. 48-61.

MCCOY, C.S. & BAKER, J.W.1991. *Fountainhead of federalism: Heinrich Bullinger and the Covenantal tradition*. Louisville, Ken.: Westminster/John Knox Press.

MURRAY, J. 2001. *The covenant of grace: a Biblico-Theological study*. http://.www.graceonlinelibrary.org/

OUWENEEL, W.J. 1997. *Wijs met de wetenschap*. Heerenveen: Barnabas.

OUWENEEL, W.J. 1998. "Christelike wetenskap": 'n toutologie. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*. 34(3&4): 129-141.

PACKER, J.I. 1990. Introduction: on covenant theology. (In: Witsius, H. *The economy of the covenants between God and man: comprehending a complete body of divinity.* (Vol I). Escondido, Cal.: The den Dulk Christian Foundation).

RAATH, A.W.G. 2002. Volk en verbond: 'n historiese oorskou van die lewensbeskoulike tendense in ons volkslewe (1652-2002). In: Van Niekerk, E.J. & Hayes, H.J. (Reds.) *Reformerend die Millennium in: ons Calvinistiese erfenis en roeping*. Bloemfontein: VCHO. 17-83.

SOUTH AFRICA. 2003. *National policy on religion and education*. Pretoria: Government Printer.

STOKER, H.G. 1941. *Die stryd om die ordes*. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk.

STOKER, P.H. 1997a. Evolusie en die Bybelse skeppingsleer – enkele perspektiewe. In: Stoker, P.H. & Gerber, J.M. *Voed hulle op.* Bloemfontein: VCHO. p. 102-119.

STOKER, P.H. 1997b. 'n Situasie-analise, behoeftebepaling en formulering van doelstellings vir Bybelgefundeerde vakonderrig in Christelike onderwys. In: Stoker, P.H. & Gerber, J.M. *Voed hulle op.* Bloemfontein: VCHO. p.17-33.

STOKER, P.H. 2000. Natuurwetenskappe in U lig - met toespitsing op plig. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*. (3&4): 85-100.